Posbus 31
Matlapaneng
8605
27 Junie 2016

Die President Braunvieh SA,
Aandag: Mnr. Hans Bester,
Posbus 7864,
Bloemfontein,
9300

Geagte meneer Bester,

S A STAMBOEK / UNISTEL TOEKENNING

Baie dankie vir die goeie nuus. Sê asseblief baie, baie dankie aan UNISTEL vir die groot prys vir my van R40 000-00, wat by u inbetaal is. Ek is baie opgewonde en dankbaar vir die geleentheid wat die prys my bied.

Ek wil graag al die Braunvieh telers die geleentheid gee om van hulle Braunvieh stoetdiere aan my aan te bied vir oorweging. Ek sal baie graag 'n baie goeie Braunvieh jong stoetbul en goeie stoet verse wil koop met daardie geld.

Elke Braunviehteler wat van die geleentheid wil gebruik maak, moet asseblief 'n foto, die 5-Generasiestamboom en die prys van elke dier afsonderlik wat u bereid is om aan my te verkoop, stuur. Stuur asseblief voor of op 20 Julie 2016 die inligting per epos aan my mentor by coisharman@gmail.com

Ek sal baie graag teen einde Julie 2016 my keuses wil uitoefen, die Braunvieh koop en na my plaas toe neem.

U samewerking word hoog op prys gestel.

Die uwe,

G K Gasekoma

Received: 2016-06-27 07:59:58 AM [South Africa Standard Time] Page 1 of 1 on 046219